# BIBLIOGRAFIE

BACH, R. 1954. Intensive group psychotherapy. New York : Ronald Press.

BAKKER, IENEKE. 1987. Jeughulpverlening in Nederland. Pretoria : UP. Pedagogiekjoernaal 8(2):1-17.

BEDNAR, R.L. & LAWLIS, F.G. 1971. Empirical research in group psychotherapy. (In Bergin, A.E. & Garfield, S.L. eds. Handbook of psychotherapy and behaviour change: An empirical analysis. New York : John Wiley & Sons.)

BENECKE, F.C. 1980. 'n Pedagogies-verantwoordbare ontwerp van vraelyste vir die evaluering van beroepskeusekennis. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - UP.)

BEYERS, D. 1989. Groepterapie. (In Louw, D.A., red. Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag. Johannesburg : Southern Boekuitgewers.)

BEYERS, D. & VORSTER, C. 1985. Opleiding van die groepterapeut. Journal of the South African Institute of Psychotherapy, 40:26-32, Nov.

BOOYSE, A.M. 1989. Die milieu-geremde kind. (In Kapp, J.A., red. Kinders met probleme: 'n ortopedagogiese perspektief. Pretoria : Serva-Uitgewers.)

BOSDELL, BETTY, J. 1973. Counselling children with play media. (In Ohlsen, M.M., ed. Counselling children in groups. New York : Holt, Rinehart and Winston.)

BOTHA, T.R. 1977. Die sosiale lewe van die kind in opvoeding. Pretoria : Pretoria Drukkers.

BOTHA, HELENA. 1985. 'n Fundamenteel-pedagogiese analise en evaluering van indoktrinerende kommunikasie. Pretoria. (Proefskrif (D.Ed.) - UNISA.).

BOTHA, H. & VAN RENSBURG, C.J.J. 1985. Kommunikasie: 'n miskende essensie van opvoeding. Educare, 14(1):67-78.

BROWN, F.G. 1970. Principles of educational and psychological testing. Illinois : Dryden Press.

BURTON, A. 1972. Interpersonal psychotherapy. New Jersey: Prentice-Hall.

CALLIAS, MARIA. 1990. Group treatments. (In Rutter, M & Hersov, L., eds. Child and adolescent psychiatry: modern approaches. London : Blackwell.)

CHAPMAN, J.W. 1988. Learning disabled children's self concepts. Review of Educational Research, 58 (3):347-371, Fall.

CHESS, STELLA. 1970. Emotional problems in mentally retarded children. (In Menolascino, F.J., ed. Psychiatric approaches to mental retardation. New York : Basic Books.)

CHIU, L. 1990. Self-esteem of gifted, normal, and mild mentally handicapped children. Psychology in the schools, 27(3):263-268, July.

CLIFFORD, M. & CROSS, T. 1980. Group therapy for seriously disturbed boys in residential treatment. Child Welfare, 59(9):560-565, November.

COREY, G. 1985. Theory and practice of group counseling. 2nd ed. California : Brooks/Cole.

COREY, G., COREY, MARIANNE, CALLANAN, P.J. & RUSSELL, J.M. 1988. Group techniques. California : Brooks/Cole.

CORSINI, R.J. 1957. Methods of group psychotherapy. New York : McGraw-Hill.

COTZIN, M. 1957. Group psychotherapy with mentally defective problem boys. (In Stacey, C.L. & De Martino, M.F., eds. Counselling and psychotherapy with the mentally retarded. Illinois : The Free Press.)

DE KLERK, M.M. 1990. Die kommunikatiewe opgawe van die onderwyser ten opsigte van die milieu-gestremde leerling. Pedagogiekjoernaal, 11(1):42-54.

DE WET, J.J., VAN ZYL, P.J. & DU TOIT, P.J.S. 1979a. Inleiding tot die psigologiese opvoedkunde. Johannesburg : McGraw-Hill.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.J. de K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981b. Navorsingsmetodes in die opvoedkunde. Durban : Butterworth.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K. & VAN DER WESTHUIZEN, G.J. 1981c. Opvoedende leer. Durban : Butterworth.

DE WIT, J. & VAN DER VEER, G. 1982. Psychologie van der adolescentie. Nijkerk : Intro Uitgeverij.

DE WITT, T. 1981. Jy en jou kind. Johannesburg : Perskor.

DUMONT, J.J. & CAMMAER, H. 1972. Kind en jeugdige. Haarlem : De Toorts.

DOUGLAS, T. 1976. Groupwork practice. London : Tavistock.

DU PLESSIS, P.J.J. 1974. Sosiopedagogiek : Opvoedingswerklikheid en maatskaplike werklikheid. Johannesburg : McGraw-Hill.

DU TOIT, L. 1989a. Hulpverlening. (In Kapp, J.A., red. Kinders met probleme: 'n ortopedagogiese perspektief. Pretoria : Serva-Uitgewers.)

DU TOIT, L. 1989b. Die ortopedagogiek as wetenskapsgebied. (In Kapp. J.A., red. Kinders met probleme: 'n ortopedagogiese perspektief. Pretoria : Serva-Uitgewers.)

DU TOIT, L. 1989c. Die kind met probleme. (In Kapp. J.A., red. Kinders met probleme: 'n ortopedagogiese perspektief. Pretoria : Serva-Uitgewers.)

DU TOIT, L. 1989d. Verstandelik gestremdheid. (In Kapp, J.A., red. Kinders met probleme : 'n ortopedagogiese perspektief. Pretoria : Serva-Uitgewers.)

ELS, P.A. 1988. Die waarde van projektiewe tegnieke in die proses van selfonthulling. Lyra Academica, 3(1):28-43.

FERENCIK, M.B. 1990. The supportive and remedial interchange in group therapy. Small Group Research, 21 (3):360-373, August.

FISHER, LOUISE, A. & WOLFSON, I.N. 1957. Group therapy of mental defectives. (In Stacey, C.L. & De Martino, M.F., eds. Counselling and Psychotherapy with the mentally retarded. Illinois : The Free Press.)

FOWLER, H.W. & FOWLER, F.G., eds. 1964. The Concise Oxford Dictionary of Current English. Oxford : Clarendon.

FRANKL, V. 1980. Sê ja vir die lewe. Kaapstad : Tafelberg Uitgewers.

GAZDA, G.M. 1978. Group counseling. A developmental approach. Boston : Allyn and Bacon.

GOUWS, L.A., LOUW, D.A., MEYER, W.F. & PLUG, C. 1982. Psigologiewoordeboek. Johannesburg : McGraw-Hill.

GRESSE, D.A. 1973. Sosio-pedagogiese verkenning. Kaapstad : Juta.

GUNZBURG, H.C. 1968. Social competence and mental handicap. London : Bailliere, Tindall & Cassell.

HAMILTON, J.H. 1971. Die verstandelik-gestremde leerling. Stellenbosch : Universiteituitgewers.

HESLINGA, K., DE BERG, P., VAN DER MEULEN, J.H., ZANDBERG, T.J. 1978. Residentiële hulpverlening in de praktijk. Groningen : Wolters-Noordhoff.

HEYNS, P.M. 1971. Die invloed van groepterapie op nywerheidskoolseuns. Stellenbosch. (Verhandeling (M.A.) - US.)

HOBSON, B. & SCALLY, M. 1981. Lifeskills teaching. London : McGraw-Hill.

HOFFMAN, P.A.E. 1978. Inleiding tot die sosiopedagogiek. Bloemfontein : Sacum.

JACOBS, E.E., HARVILL, R.L. & MASSON, R.L. 1988. Group Counseling: Strategies and Skills. California : Brooks/Cole.

JOHNSON, D.W. 1972. Reaching out: Interpersonal effectiveness and self-actualization. New Jersey : Prentice-Hall.

JORDAAN, W.J. & JORDAAN, J. 1989. Mens in konteks. 2de uitg. Johannesburg : McGraw-Hill.

KAPP, J.A., red. 1989. Kinders met probleme: 'n ortopedagogiese perspektief. Pretoria : Serva-Uitgewers.

KEMPE, RUTH, S. & KEMPE, C.H. 1978. Child abuse. London : Open books.

KIESLER, D.J. 1971. Experimental designs in psychotherapy research. (In Bergin, A.E. & Garfield, S.L., eds. Handbook of psychotherapy and behaviour change: An empirical analysis. New York : John Wiley & Sons.)

KOLKO, D.J., LOAR, LINDA, L & STURNICK, DIANE. 1990. In-patient social-cognitive skills training groups with conduct disordered and attention deficit disordered children. Journal of Child Psychology and Psychiatry, 31 (5):737-748, July.

KOTZE, I.A. Nie-gedateerd. Ysbrekersessies as groepdinamiese metodes. (Oriënteringskursus vir departementshoofde opvoedkundige leiding, primêre, sekondêre en spesiale skole van die TOD).

KRATOCHWILL, T.R. 1978. Single subject research : Strategies for evaluating change. New York : Academic Press.

KRUGER, H.B. 1980. Algemene skoolvoorligting vir onderwysstudente, Durban : Butterworth.

KRITZINGER, M.S.B., LABUSCHAGNE, F.J. & PIENAAR, P. de V. 1965. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. Pretoria : Van Schaik.

LAKIN. M. 1985. The helping group: therapeutic principles and issues. Massachusetts : Addison-Wesley.

LANDMAN, W.A. 1977. Fundamentele pedagogiek en onderwyspraktyk. Durban : Butterworth.

LANDMAN, W.A. 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban : Butterworth.

LASK, JUDITH & LASK, B. 1981. Child Psychiatry and Social Work. London : Tavistock.

LENNOX, DAPHNE. 1982. Residential group therapy for children. London : Tavistock.

LEENHOUWERS, P. 1971. Mens zijn, een opgave. Tilburg : Zwisjen.

LIPPMAN, H.S. 1962. Treatment of the child with emotional conflict. New York : McGraw-Hill.

LUBBERS, R. 1971. Voortgang en nieuw begin in de opvoeding. Gent : Van Gorcem & Comp.

MENTZ, H.C. 1973. Die invloed van belewing op die aktualisering van intensionaliteit by verstandelik-gestremde kinders: 'n ortopedagogiese studie. Pretoria (Verhandeling (M.Ed.) - UP.)

MEYER, C.J. 1986. Ortopedagogiek vir onderwysstudente. Potchefstroom: Pro Rege.

MICHAL-SMITH, H., GOTTSEGEN, M.G. & GOTTSEGEN, GLORIA, B. 1957. A group therapy technique for mental retardates. (In Stacey, C.L. & De Martino, M.F., eds. Counselling and psychotherapy with the mentally retarded. Illinois: The Free Press.)

MOL, A. 1985. Ouerskap is nie kinderspeletjies nie. Pretoria : Femina.

MORENO, J.L. ed. 1945. Group psychotherapy. New York : Beacon House.

MOWATT, M.H. 1970. Group therapy approach to emotional conflicts of the mentally retarded and their families. (In Menolascino, F.J., eds. Psyciatric approaches to mental retardation. New York : Basic Books.)

NEL, B.F. 1966. Pedagogiese verwaarlosing. Pretoria : UP. (Fakulteit van Opvoedkunde).

NEL, W.M.J. & STEYN, G.H. 1985. Kinders grootmaak? Pretoria : HAUM.

OHLSEN, M.M. 1964. Guidance services in the modern school. 1st ed. New York : Harcourt Brace.

OLIVIER, MILLIE. 1986. Hulpverlening. (In Van Niekerk, P.A., red. Die opvoedkundige sielkundige. Stellebosch : Universiteits-uitgewers.)

OPALIC, P. 1990. Group processes in short-term therapy of psychotics. Small Group Research, 21(2):168-189, May.

PISTORIUS, P. 1976. Kind in ons midde. Kaapstad : Tafelberg.

POSTMA, W. & VAN DER WALT, J.L. 1984. 'n Leer- en werkboek in die Fundamentele Opvoedkunde. Potchefstroom : Pro Rege.

PRETORIUS, J.W.M. 1972. Grondslae van die pedoterapie. Johannesburg : McGraw-Hill.

PRETORIUS, J.W.M. 1976. Die problematiese opvoedingsituasie. Johannesburg : McGraw-Hill.

PRETORIUS, J.W.M. 1981. Opvoeding, Samelewing, Jeug. Pretoria : Van Schaik.

ROETS, HELEEN, H.S. 1990a. Die daarstelling van 'n groepterapeutiese begeleidingsprogram vir die vroeë adolessent. (Referaat gelewer tydens 'n simposium van die Opvoedkundige Hulpdiens van die T.O.D. in Oktober 1990.)

ROETS, HELEEN, H.S. 1990b. Riglyne vir 'n groepterapeutiese begeleidingsprogram vir die vroeë adolessente dogter. Pretoria. (Proefskrif (D.Ed). - UNISA.)

ROGERS, C.R. 1970. Carl Rogers on encounter groups. New York : Harpers & Row.

ROGERS, C.R. 1979. Client-centered therapy. London : Constable.

ROSE, S.D. 1974. Treating children in groups. San Francisco : Jossey-Bass.

ROSE, S.D. 1988. Group methods. (In Kanfer, P.H. & Goldstein, A.P., eds. Helping people change: A textbook of methods. New York ; Pergamon.

SARBIN, T.R. 1945. Spontaneity training of the feeble-minded. (In Moreno, J.L., ed. Group Psychotherapy. New York : Beacon House.)

SCHLEBUSCH, L. 1979. Conduct disorders in youth. Durban : Butterworth.

SCHOEMAN, P.G. 1983. Wysgerige pedagogiek. Pretoria : Sacum.

SHERTZER, B. & PETERS, H.J. 1965. Guidance: Techniques for individual appraisal and development. New York : MacMillan.

SHERTZER, B. PETERS, H.J. & VAN HOOSE, W. 1965. Guidance in Elementary Schools. Chicago : Rand McNally.

SLIVKIN, S.E. & BERNSTEIN, N.R. 1970. Group approaches to treating retarded adolescents. (In Menolascino, F.J., eds. Psyciatric approaches to mental retardation. New York : Basic Books.)

SNYMAN, S.M. 1976. 'n Ondersoek na die opvoedingsverwaarlosing ten aansien van die wordingsgeremde verstandelik-gestremde kind. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - UP.)

SONNEKUS, M.C.H. 1977. Ouer en kind. Pretoria : Perskor.

SONNEKUS, M.C.H. & FERREIRA, G.V. 1979. Die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding. Stellebosch : Universiteit-uitgewers.

SONNEKUS, M.C.H. 1983. Emotional problems of the child with communication disorders. Pedagogiekjoernaal, 4(2):76-101.

SPOTNITZ, H. 1980. Constructive emotional interchange in group psychotherapy. (In Wolberg, R.L. & Aronson, M.L., eds. Group and family therapy. New York : Brunner/Mazel.)

STONE, W.T. & WHITMAN, R.M. 1980. Observations on empathy in group psychotherapy. (In Wolberg, R.L. & Aronson, M.L., eds. Group and family therapy. New York : Brunner/Mazel.)

SULLIVAN, LOUISE, A. 1945. Psychodrama in a child guidance clinic. (In Moreno, J.L., ed. Group Psychotherapy. New York : Beacon House.)

SURAN, B.G. & RIZZO, J.V. 1979. Special children: An integrative approach. Illinois : Scott, Foresman & Company.

TARNOW, P.M. 1986. Die ortopedagogiese begronding van groepsterapie. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - UP.)

TAWNY, J.W. & GAST, D.L. 1984. Single subject research in special education. Columbus, Ohio: Merill.

THIELE, J.W. 1972. Aktualisering van wording by die agterlike kind met verwysing na enkele psigopedagogiese evalueringskriteria. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - UP.)

TRAAS, M. 1974. Opvoeden tot samen leven. Nijkerk : Callenbach.

TROJANOWICZ, R.C. 1978. Juvenile Delinquency. New Jersey : Prentice-Hall.

UNGER, R. 1990. Conflict management in group psychotherapy. Small Group Research, 21(3):349-359, August.

VAN DER LINDE, A.J. 1985. Die problematiese opvoedingsituasie, fundamenteel-opvoedkundig beskou. Potchefstroom. (Verhandeling (M.Ed.) - PU vir CHO.)

VAN DER MERWE, T.I.v.H., JACOBS, J.C. 1982. Sielkundige en onderwyskundige aspekte van die verstandelik gestremde kind. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN DER WALT, J.L. 1983. Oor opvoeding in 'n neutedop. Potchefstroom : Mediapublikasies.

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, ELISE, I. & VAN DER WALT, I.D. 1983. Die opvoedingsgebeure: 'n Skrifmatige perspektief. Potchefstroom : PU vir CHO. (Instituut vir Reformatoriese Studies. Studiestuk nr. 18.)

VAN DER WALT, J.P. 1968. Kliniekskool Loopspruit: 'n Gevallestudie. Potchefstroom : Westvalia.

VAN GELDER, L. & VAN DER VELDE, I. 1969. Kind school samenleving. Groningen : Wolters-Noordhoff.

VAN NIEKERK, P.A. 1976. Die problematiese opvoedingsgebeure. Stellenbosch : Universiteit-uitgewers.

VAN NIEKERK, P.A. 1978. Die onderwyser en die kind met probleme. Stellenbosch : Universiteituitgewers.

VAN NIEKERK, P.A. 1980. Ortopedagogiese navorsing: 'n inleidende oriëntering. (In Landman, W.A., red. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk. Durban : Butterworth.)

VAN NIEKERK, P.A. 1986. Die terrein van die opvoedkundige-sielkundige. (In Van Niekerk, P.A., red. Die opvoedkundige sielkundige. Stellenbosch : Universiteitsuitgewers.)

VAN RENSBURG, C.J.J., KILLIAN, C.J.G. & LANDMAN, W.A. 1979. Fundamenteel-pedagogiese begripsverklaringe: 'n inleidende oriëntering. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

VAN WYK, D. 1983. Die verhouding tussen ouers en kind. Kaapstad : Human en Rossouw.

VAN WYK, P.C. 1989. Navorsing in die ortopedagogiek. (In Kapp, J.A., red. Kinders met probleme: 'n ortopedagogiese perspektief. Pretoria : Serva-Uitgewers.)

VAN ZYL, P. 1973. Opvoedkunde Deel 1: 'n Handleiding vir beginnerstudente. Johannesburg : De Jong.

VEDDER, R. 1977. Kinderen met leer- en gedragsmoeilijkheden. Groningen: Wolters-Noordhoff.

VENTER, J.A. 1974. Die invloed van aktiwiteitsgroepsterapie op pre-adolessente seuns met gedragsprobleme. Pietermaritzburg. (Verhandeling (M.A.) - UN.)

VERMEULEN, B.J. 1989. Verwesenliking van die opvoedingsdoel by die multigeremde jeugdige. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - Vista.)

VISSER, J.C.P.N. 1979. Die wese van die verstandelik gestremde kind. (Oriënteringskursus vir hoofde van spesiale skole van die TOD.)

VULSMA, A.M. Nie-gedateerd. Pedagogisch groepswerk: Een sociaal-pedagogische verkenning, een verschijnsel der vrije tijds-besteding. Haarlem : De Toorts.

WEBSTER, T.G. 1970. Emotional Development in Mentally Retarded Children. (In Menolascino, F.J., eds. Psyciatric approaches to mental retardation. New York : Basic Books.)

WIECHERS, E. & BESTER, G. 1988. Die verband tussen die selfkonsep en kommunikasievermoë van die pre-adolessent. Pedagogiek-joernaal, 9(2):105-123.

WILSON, P. & HERSOV, L. 1990. Individual and group psychotherapy. (In Rutter, M. & Hersov, L., eds. Child and adolescent psychiatry: modern approaches. London : Blackwell.)

WOLBERG, L.R. & ARONSON, M.L. eds. 1980. Group and family therapy. New York : Brunner/Mazel.

WIJNGAARDEN, H.R. 1959. Hoofdproblemen der volwassenheid. Utrecht : Erven J Bijleveld.

YALOM, I.D. 1985. The theory and practice of group psychotherapy. 3rd ed. New York : Basic Books.

ZANE, T. 1987. Research in special education. (In: Reynolds, C.R. & Mann, L. eds. Encyclopedia of special education. New York : Wiley.)

Bylaag i

# GEDRAGSEVALUERINGSKAAL

## INSTRUKSIES

Gee asseblief 'n objektiewe evaluering van die kommunikasiegedrag van elke proefpersoon deur teenoor elke stelling die gepaste syfer in te vul in die toepaslike blokkie. Die name van die proefpersone mag nie op vraelys verskyn nie.

## PUNTETOEKENNING

0 = STELLING IS GEHEEL EN AL NIE VAN TOEPASSING NIE (DIE GEDRAG KOM NOOIT VOOR NIE).

1 = STELLING IS IN 'N GERINGE MATE VAN TOEPASSING (DIE GEDRAG KOM SELDE VOOR).

2 = STELLING IS REDELIK VAN TOEPASSING (DIE GEDRAG KOM 50/50 VOOR).

3 = STELLING IS STERK VAN TOEPASSING (DIE GEDRAG KOM DIKWELS VOOR).

4 = STELLING IS BAIE STERK VAN TOEPASSING (DIE GEDRAG KOM BAIE DIKWELS VOOR).

**DATUM:** ..................... **SESSIE:** .....................

0 = GEHEEL NIE VAN TOEPASSING
1 = GERINGE MATE VAN TOEPASSING
2 = REDELIK VAN TOEPASSING
3 = STERK VAN TOEPASSING
4 = BAIE STERK VAN TOEPASSING

| | | PROEFPERSONE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | A | B | C | D | E | F |
| 1. | **GEVOELSKOMMUNIKASIE** | | | | | | |
| 1. | Gevoelskontak met die self | | | | | | |
| 2. | Bereidheid tot gevoelsuiting | | | | | | |
| 3. | Uiting van positiewe gevoelens | | | | | | |
| 4. | Beheer oor gevoelens | | | | | | |
| 5. | Gevoelsmelewing met andere | | | | | | |
| 2. | **MAG** | | | | | | |
| 6. | Selfhandhawing | | | | | | |
| 7. | Samewerking | | | | | | |
| 3. | **BUIGSAAMHEID** | | | | | | |
| 8. | Toegeeflikheid | | | | | | |
| 9. | Aanpasbaarheid in die groep | | | | | | |
| 4. | **ERKENNING VAN DIE ANDER** | | | | | | |
| 10. | Toon respek teenoor andere | | | | | | |
| 11. | Word met respek behandel | | | | | | |

0 = **GEHEEL NIE VAN TOEPASSING**
1 = **GERINGE MATE VAN TOEPASSING**
2 = **REDELIK VAN TOEPASSING**
3 = **STERK VAN TOEPASSING**
4 = **BAIE STERK VAN TOEPASSING**

**PROEFPERSONE**

| | A | B | C | D | E | F |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 5. **RASIONELE DENKE** | | | | | | |
| 12. Selfbegrip | | | | | | |
| 13. Begrip vir andere | | | | | | |
| 14. Insig in verhoudinge | | | | | | |
| 6. **GESPREKVOERING** | | | | | | |
| 15. Bereidheid tot gesprekvoering | | | | | | |
| 16. Bereidheid tot selfopenbaring | | | | | | |
| 17. Vermoë om na andere te luister | | | | | | |
| 7. **ONTMOETING** | | | | | | |
| 18. Selfaanvaarding | | | | | | |
| 19. Aanvaarding van die ander | | | | | | |
| 20. Word deur andere aanvaar | | | | | | |
| 21. Vertrou andere (geborgenheid) | | | | | | |
| 22. Empatie met andere | | | | | | |
| 23. Medeverantwoordelik vir groep | | | | | | |

**SAMEVATTING EN OPMERKINGS**

Bylaag ii

**SELFVERSLAGGEWING**

**Afdeling 1 : Onvoltooide sinne**

Die volgende sinne gaan oor die groepterapie wat jy bygewoon het. Voltooi asseblief elke sin so goed as wat jy kan. Wees eerlik en sê net wat jy dink. Daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie.

1. Partykeer het ek in die groep **gevoel** dat ..................
   .............................................................

2. Waarvan ek in die groep **gehou** het was .....................
   .............................................................

3. In die groep het ek **nie gehou daarvan** .....................
   .............................................................

4. Ek kon dit **nie regkry** in die groep om .....................
   .............................................................

5. Wat my **skaam** laat voel het in die groep was ...............
   .............................................................

6. Wat my **kwaad** gemaak het in die groep was ..................
   .............................................................

7. Die **ander kinders** in die groep ............................
   .............................................................

8. Wat ek **van myself geleer het** in die groep is dat ..........
   .............................................................

9. Wat my **gelukkig** laat voel het in die groep was ............
   .............................................................

10. Iemand wat ek leer **vertrou** het in die groep was ...........
..............................................................

**Afdeling 2: Vrae** (Word eers na die Desembervakansie voltooi)

Beantwoord die volgende vragies so goed as moontlik. Wees weereens baie eerlik en sê net wat jy dink.

11. Hoe kom jy tans met jou **medegroeplede** oor die weg? Verduidelik jou antwoord
..............................................................
..............................................................

12. Hoe kom jy tans met **die ander dogters**, wat nie in die groep was nie, oor die weg? Verduidelik jou antwoord.
..............................................................
..............................................................

13. Hoe kom jy tans met jou **voogma** oor die weg? Verduidelik jou antwoord.
..............................................................
..............................................................

14. Hoe het jy die vakansie met **jou mense by die huis** oor die weg gekom? Verduidelik jou antwoord.
..............................................................
..............................................................

15. Het die groepterapie 'n verskil gemaak aan hoe jy **oor jouself voel?** Verduidelik jou antwoord.
..............................................................
..............................................................

**BAIE DANKIE VIR JOU SAMEWERKING**

Bylaag iii

## DIE GROEPTERAPEUTIESE PROGRAM

Die doel van alle aktiwiteite wat in hierdie program gebruik word, is om die groep in interaksie te laat tree deur middel van nie-verbale, asook verbale oefeninge. Dit bied geleentheid tot gevoelseksplorasie, gevoelsuiting, gevoelsmeelewing, gesprekvoering en selfblootlegging, wat kan lei tot die verwerwing van groter kennis van en begrip vir mekaar. Sodoende kon die groeplede mekaar toenemend aanvaar en op menswaardige wyse met mekaar in ontmoeting tree.

Die doelstellings van die spesifieke oefeninge word aan die begin van elke sessie uiteengesit. Waar die doelstellings meer gedifferensieerd is by elke oefening, word doelstellings na die beskrywing van die besondere oefening uiteengesit.

Na afloop van sekere oefeninge en van die sessies as sulks kry die dogters die geleentheid om hulle gevoelens en belewinge in die groep te bespreek. Die rondte word gebruik, maar deelname is vrywillig.

### SESSIE 1 : BALSPELETJIE, RONDMAAL, VIND 'N MAAT, MAAK 'N KRING, VERTEL IETS VAN JOU GESIN

#### Doelstellings

Op hierdie stadium lê die interaksie wat plaasvind hoofsaaklik op nie-verbale vlak. Die doelstellings van hierdie oefeninge is om deur middel van spontane interaksie en fisiese kontak die dogters meer bewus te maak van mekaar, die ys te breek, spanning te verminder en groepsamehorigheid te bevorder. Dit sluit die volgende ofeninge in:

**Balspeletjie:** Die dogters gooi 'n bal vir mekaar en sê hulle name en waar hulle vandaan kom.

**Rondmaal:** Die dogters maal rond in die kring en kyk in mekaar se oë, gee mekaar 'n handdruk of druk mekaar op die skouer.

**Vind 'n maat:** Elke dogter soek 'n ander dogter wat dieselfde kleur oë of hare het as sy, wie se hande en voete net so groot is soos hare, en wat dieselfde gesinsposisie as sy beklee.

**Maak 'n kring:** Die dogters vat hande en maak so 'n wye kring as moontlik. Dan maak hulle die kring so klein dat hulle 'n bondeltjie vorm.

**Vertel iets van jou gesin:** Die rondte word gebruik om elke dogter 'n kans te gee om iets oor haar gesin te vertel. Dit bied die eerste geleentheid om oor die self te praat.

**SESSIE 2 : OPWARMING, STANDBEELDE, MIMIEK**

Doelstellings

Die doelstellings van die oefeninge is die bewuswording van mekaar, gevoelsontlading, nie-verbale kommunikasie, die aanmoediging van spontaneïteit en kreatiwiteit, die afbreek van grense deur middel van fisiese aanraking en samewerking en die opbou van vertroue.

**Opwarming:** Ter opwarming is die naamspeletjie en die rondmalery herhaal.

**Standbeelde:** Die dogters "bespuit" mekaar met denkbeeldige sement en "vorm" mekaar soos standbeelde.

**Mimiek:** Die dogters moet met behulp van mimiek verskillende dinge voorstel, soos feetjies en olifante of blomme en reën.

**SESSIE 3 : WATERRESIES, HANDSOKKER, BALLONAFLOS, MUSIKALE RONDTE**

**Doelstellings**

Omdat die terapeut van mening was dat die tipe oefeninge, wat te veel individuele en persoonlike insette van die dogters geëis het op hierdie stadium te bedreigend was vir die groep, is besluit om tydens hierdie sessie spanspeletjies te speel buite op die gras. Die groep het teen 'n ander groep gespeel. Die doelstellings was ontspanning en die opbou van groepsamehorigheid.

**Waterresies:** Elke span vorm 'n ry. Langs elke ry staan 'n leë emmer. Elke spanlid hardloop dan oor 'n sekere afstand, skep 'n beker water uit 'n groot emmer, hardloop terug en vul die span se leë emmer. Die span wie se emmer eerste leeg is wen.

**Handsokker:** Die twee spanne sit op stoele in twee rye ongeveer vier meter van mekaar af, met hulle gesigte na mekaar toe. Die eerste speler laat hop die bal in die middel en die teenstanders moet die bal terughop sonder om op te staan van hulle stoele af.

**Balonaflos:** Die twee spanne sit in twee rye op stoele. Elke spanlid kry 'n ballon, wat sy dan so vinnig as moontlik moet opblaas totdat dit bars. Die groep wat eerste alle ballonne laat bars het, wen die speletjie.

**Musikale rondte:** Die groep sit in 'n kring. Terwyl die musiek speel moet hulle 'n geskenkpakkie aanstuur. Die persoon wat die pakkie het wanneer die musiek stop, mag dit hou. Die speletjie hou aan tot almal geskenkpakkies het.

**SESSIE 4 : RITME-OEFENING, BLINDE VERTROUE, VEILIGHEIDSNET**

**Doelsltellings**

Die doelstellings van die eerste oefening is ontspanning en samewerking, terwyl die doelstellings van die laaste twee

oefeninge die opbou van vertroue en groepsamehorigheid is. Dit geskied deurdat die dogters verantwoordelikheid moet aanvaar vir mekaar se veiligheid.

**Ritme-oefening:** Die dogters doen ritmiese bewegings met hul hande en voete, en doen ook danspassies op die maat van musiek.

**Blinde Vertroue:** Elke dogter kies 'n maat en blinddoek haar. Sy gaan staan dan aan die teenoorgestelde kant van die vertrek en haar "blinde" maat moet oorbeweeg en haar soek.

**Veiligheidsnet:** Die dogters staan naby mekaar in 'n kring. Een vrywilliger staan in die middel op een plek. Sy wieg heen en weer en die groep vorm 'n "veiligheidsnet", wat keer dat sy nie omval nie.

**SESSIE 5 : NOMMERSPELETJIE, LEGKAART**

Doelstellings

Die opbou van groepsamehorigheid deur middel van samewerking, asook die aanleer van probleemoplossingsvaardighede. Die metodes waarop die groep te werk gegaan het om die opdragte uit te voer word na die tyd bespreek.

**Nommerspeletjie:** Elke groeplid ontvang 'n stel van ses kaartjies wat genommer is vanaf een tot ses. Hulle moet dan so gou as moontlik die kaartjies hersorteer, sodat elkeen 'n pakkie van ses kaartjies het met dieselfde nommer.

**Legkaart:** Elke dogter ontvang twee groot stukke van 'n legkaart, wat die groep dan so gou as moontlik moet uitpak.

## SESSIE 6 : REDDINGSBOOT, GROEPSTORIE

**Doelstellings**

Die doel van die oefeninge is die inoefening van verbale kommunikasie, die inoefening van rasionele denke, verbeterde samewerking en probleemoplossing.

**Reddingsboot:** Elke dogter verteenwoordig 'n beroep. Hulle is saam in 'n skip wat vergaan en daar is plek vir slegs vyf persone in die reddingsboot. Elke dogter kry geleentheid om die groep te oortuig waarom dit belangrik is dat 'n persoon met haar beroep moet oorleef.

**Groepstorie:** Die terapeut begin 'n eenvoudige storie en die dogters moet telkens 'n sin byvoeg totdat die storie voltooi is.

## SESSIE 7 : ONTSPANNING, MUSIEKFANTASIE, SPOGSPELETJIE

**Ontspanning en musiekfantasie:** Die dogters lê op die vloer en die terapeut laat hulle ontspanningsoefeninge doen. Daarna luister hulle na musiek en moet in hul verbeelding enige plek "besoek". Na die tyd moet hulle vertel waar hulle was. Die **doelstellings** van hierdie oefening is ontspanning, asook die bewuswording en uiting van gevoelens en gedagtes.

**Spogspeletjie:** Elke dogter moet 'n maat kies. Hulle gaan sit dan teenoor mekaar en elkeen "spog" so hard as moontlik oor haar eie goeie hoedanighede sonder om na die ander een te luister. Die **doel** van hierdie oefening is bewuswording van die noodsaaklikheid daarvan dat mense na mekaar moet luister en in mekaar moet belangstel. Die groeplede bespreek na die tyd hoe dit voel as niemand na 'n mens wil luister nie en waarom dit belangrik is om na mekaar te luister.

**SESSIE 8 : EK HOU VAN JOU**

**Ek hou van jou:** Elke dogter kry 'n stukkie papier met 'n ander dogter se naam daarop. Sy moet dan neerskryf van watter eienskappe van die betrokke dogter sy hou. Die briefies word ingeneem en geskommel. Elke dogter kies een, lees die boodskap daarop en sê aan wie dit gerig is. Die betrokke dogter moet dan raai wie die boodskap geskryf het en kan ook positiewe terugvoer gee aan die persoon wat vir haar geskryf het.

Die **doelstellings** van hierdie oefening is om die geleentheid te bied vir positiewe verbale gevoelskommunikasie, erkenning van die ander, rasionele denke, en die uiting van aanvaarding teenoor mekaar. Dit bied dus geleentheid vir ontmoeting met die ander op 'n meer persoonlike vlak.

**SESSIE 9 : SINSVOLTOOIING, PRAAT JOUSELF LOS, DIE TELEGRAM**

**Sinsvoltooiing:** Elke dogter kies 'n maat wat vir haar 'n papierstrokie moet gaan haal waarop daar 'n onvoltooide sin geskryf is wat sy na goeddunke voltooi en dan hardop voorlees. Die **doel** van hierdie oefening is om die eie idees en gevoelens verbaal tot uiting te bring. Sodoende word vertroue en ontmoeting van die ander bevorder.

**Rolspel:**

**Eerste toneel:** Die skuldige het 'n ruit gebreek by die huis. Haar ma is baie kwaad en sy moet haar ma oortuig om haar nie te straf nie.

**Tweede toneel:** Jy sien 'n baie mooi geskenk in die winkel en probeer jou ma oortuig om dit vir jou te koop.

Die **doelstellings** van die rolspel is die inoefening van verbale kommunikasie, rasionele denke en konflikhantering.

## SESSIE 10 : DIE GESLOTE KRING, VIND JOU MAAT

**Die geslote kring:** Die dogters hou hande vas en vorm 'n geslote kring. Een vrywilliger staan dan binne en probeer uitkom. As almal 'n beurt gehad het, staan iemand weer buite die kring en probeer ingaan. Die **doel** van die oefening is om te beleef hoe dit voel om ingesluit of uitgesluit te word. Hierdie gevoelens word na die tyd bespreek.

**Soek jou maat:** Twee vrywillige dogters word geblinddoek. Daarna gaan sit die ander dogters in 'n kring sonder om 'n woord te sê of te lag. Die twee dogters word rondgelei in die vertrek en dan na 'n dogter gelei. Hulle moet raai wie dit is deur eers aan haar hande en dan aan haar gesig en hare te voel. Die **doel** van die oefening is die afbreek van grense deur middel van fisiese kontak. Dit maak die dogters ook meer bewus van mekaar as mense en vervul die behoefte aan aanraking. Die gevoelens wat die dogters ervaar het, word bespreek.

## SESSIE 11 : WORD DEEL VAN DIE KRING, PRAAT SONDER WOORDE, NABOOTSING, ROBOTMANNETJIE

**Word deel van die kring:** T1 nooi 'n dogter om in die middel van die kring te kom staan saam met haar. Hulle druk hul handpalms styf teenmekaar in die lug. 'n Vrywilliger kom dan en "breek" die hande los sodat sy deel kan word van die kring. Die speletjie hou aan totdat almal in die kring staan. Die **doelstellings** van die oefening is om die twee nuwe dogters in te sluit by die groep en groepsamehorigheid te bevorder.

**Praat sonder woorde:** T3 neem hierdie oefening waar. Hy sê aan die groep dat hy met hulle gaan praat sonder om woorde te gebruik. Hy stap om in die kring en gaan staan voor elke dogter, en kyk haar in die oë. Hy dra sorg dat sy gesigsuitdrukking heeltemal neutraal bly. Die dogter moet dan in sy oë kyk en neerskryf wat sy dink hy vir haar wil sê en watter gevoel sy kry as sy in sy oë kyk. Die **doel** van die oefening is om die dogters bewus te maak

daarvan dat 'n mens kan kommunikeer deur middel van die oë en gesigsuitdrukking en dat mense dikwels ook verkeerde aannames kan maak ten opsigte wat andere van hulle dink en teenoor hulle voel.

**SESSIE 12 : LIGGAAMSBELEWING: TROETELAARTAPPEL, LIGGAAMLIKE EN SINTUIGLIKE GEWAARWORDINGE, EK IS UNIEK.**

**Troetelaartappel:** Elke dogter ontvang 'n aartappel, wat sy goed moet bestudeer. Die aartappels word dan rondgestuur en elke dogter moet haar aartappel uitken. Die dogters word nou geblinddoek en die oefening word herhaal.

**Liggaamlike en sintuiglike gewaarwordinge:**

Tydens hierdie oefeninge moet die dogters

* liggaamlike gevoelens beskryf tydens asemhalingsoefeninge;

* ruik aan verskillende stowwe en raai wat dit is, terwyl hulle geblinddoek is;

* soek na 'n bal wat versteek is om te voel hoe dit voel om "blind" te wees;

* regoor mekaar gaan sit en probeer om met mekaar 'n gesprek te voer met lipbewegings sonder klank.

Die **doelstellings** van die bostaande oefeninge is bewuswording van die waarde van die eie liggaam. Dit bied geleentheid vir die verbetering van die negatiewe liggaamsbeeld wat so kenmerkend is van die meeste verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters. 'n Meer positiewe liggaamsbeeld lei tot groter selfagting.

**Ek is uniek:** Die dogters moet iemand soek wat presies dieselfde handpalms het as hulle. Die oefening word na die tyd bespreek en die terapeut kan aan die dogters wys dat elkeen van hulle unieke en onvervangbare mense is.

Die **doelstelling** van die oefening is bewuswording van die eie uniekheid as mens.

**SESSIE 13 : DIE "UITSORTEER" VAN GEVOELENS**

Vier spasies word teen 'n muur geskep deur kaarte bo-aan te plak waarop staan **"kwaad"**, **"ongelukkig"**, **"gelukkig"** en **"bang"**. 'n Aantal prente wat hierdie gevoelens uitbeeld word deurmekaar op die tafel neergesit. Die groeplede moet die prente uitsoek wat die verskillende gevoelens uitbeeld en dit op die muur plak, onder die toepaslike opskrifte. Die groep gesels oor gevoelens en kry dan geleentheid om iets op 'n papier neer te skryf waaroor hulle gelukkig, ongelukkig, kwaad of bang voel. Die papierstrokies word uitgedeel en voorgelees. Die groep raai wie se probleem dit is en gee aan daardie persoon raad.

Die **doelstellings** van die oefening is om geleenthede te skep vir eksplorasie van die eie gevoelens, gevoelsuiting, gesprekvoering, selfblootlegging, die verwerwing van insig in die self en andere, asook ontplooiing van die vermoë tot empatie.

**SESSIE 14 : DIE LEë STOEL**

Die dogters sit in 'n kring. In die middel van die kring staan daar 'n leë stoel. Die groeplede moet iemand wat vir hulle baie beteken in die stoel "plaas" en dan vir daardie persoon enigiets sê of vra wat hulle normaalweg nie sal sê of vra nie.

Die **doelstellings** van hierdie oefening is om geleenthede te skep vir die uiting van gevoelens rondom onvervulde behoeftes en onopgeloste probleme ("unfinished business") en dit bied besondere geleentheid vir die opbou van wedersydse vertroue en empatie.

SESSIE 15 : TEKEN JOU GELUK

'n Groot wit plakkaat word met 'n potlood in ses ewe groot blokke verdeel. Die groeplede sit rondom 'n klein tafeltjie. Elkeen "kry" 'n blok waarin sy, met gekleurde potlode of kryt 'n prent moet teken oor 'n gebeurtenis uit die verlede wat haar baie gelukkig laat voel het.

Die **doelstellings** van die oefening is om geleenthede te bied vir ontspanning, kreatiwiteit en die uiting van positiewe gevoelens. Ook deur positiewe belewinge met mekaar te deel, leer die groeplede mekaar beter ken.

SESSIE 16 : ROLSPEL : DIE GESTEELDE KETTING

'n Tipiese disharmoniese saamleefsituasie in die koshuis word voorgestel. 'n Ongegronde beskuldiging van diefstal lei tot oorhaastige optrede deur die voogleier, wat weer 'n hewige reaksie van die beskuldigde ontlok. Die hulp van die diensdoende onderwyseres word ingeroep en die dogters baklei hewig onder mekaar in 'n poging om hul saak te stel. Die koshuisvader se hulp word ingeroep en toe die dogters nie wil bedaar nie, hok hy die hele koshuis vir die naweek.

Die groep bespreek die rolspel om te probeer bepaal waar die probleme ontstaan het. Moontlike verbeterings word aangedui. Die groep beplan en voer die toneel herhaaldelik op, totdat die probleemsituasie op 'n bevredigende wyse deur die groep hanteer word. Die terapeute lei die groep om die probleemsituasie met groter medemenslikheid te hanteer. Na afloop van die rolspel bespreek die groeplede die oplossings waartoe hulle gekom het.

Die **doelstellings** van die rolspel is om geleenthede te bied vir die inoefening van doeltreffende verbale interaksie, die verwerwing van insig in die eie gedrag, asook die van andere, effektiewe konflikhantering en probleemoplossing, meer menswaardige

interaksie met andere, asook ontplooiing van die vermoë tot empatie met andere.

**SESSIE 17 : ROLSPEL : HUISMOLES**

Die groep moet 'n toneel uit enigeen se huisgesin beplan en opvoer. Dieselfde metodes word gevolg as by sessie sestien. Die **doelstellings** vir hierdie sessie is ook dieselfde as vir sessie sestien.

**SESSIE 18 : GOEIE NUUS, SLEGTE NUUS**

Elke dogter kry 'n vel papier. Een groeplid gaan sit buite op 'n stoel en skryf vyf goeie en vyf slegte eienskappe van haarself neer op die papier. Terwyl sy buite is, moet die groep ook haar goeie en slegte eienskappe opnoem. T1 skryf dit in twee kolomme neer onder die opskrifte **"Goeie nuus"** en **"Slegte nuus"**. Die bord word toegemaak. Die groeplid kom in en lees aan die groep voor wat sy van haarself geskryf het. Die bord word oopgemaak en sy kry geleentheid om te sien wat die groep van haar dink.

Die **doelstellings** van hierdie oefening is om selfkennis te toets en te verbeter op grond van die eerlike terugvoering van medegroeplede. Eerlike terugvoering is 'n toets vir die mate van vertroue wat daar reeds in die groep bestaan. Dit is by uitstek 'n aanduiding van die groeplede se vermoë om met mekaar in ontmoeting te tree. Indien eerlike terugvoering wel plaasvind en aanvaar word, sal dit lei tot verdere groei ten opsigte van wedersydse aanvaarding en vertroue.

**SESSIE 19 : TOEKOMSBLIK: TIEN JAAR LATER, TOEKOMSWENSE, AFSLUITING**

**Tien jaar later:** Die groeplede moet hulle verbeel dat dit tien jaar later is en dan vertel hoe dit met hulle gaan. Die **doelstelling** van die oefening is om uiting te gee aan gedagtes en gevoelens oor die eie toekoms.

**Toekomswense:** Die terapeut gebruik die voorbeeld van kerskaarte om te verduidelik dat mense mekaar soms goeie wense wil toewens vir die toekoms. Elke groeplid kry 'n geleentheid om vir enige medegroeplid 'n goeie wens vir haar lewe toe te wens. Die **doelstelling** van die oefening is die uiting van positiewe gevoelens en waardering teenoor medegroeplede. Dit is 'n aanduiding van die mate waartoe die groeplede vir mekaar omgee.

**Afsluiting:** Ten slotte kry elke groeplid 'n geleentheid om enigiets te sê wat hulle graag wil sê. Die **doelstellings** van die oefening is om aan groeplede die geleentheid te bied tot spontane gesprek oor hul gevoelens en belewinge tydens groepterapie, asook hul gevoelens teenoor mekaar en die terapeute.

Die terapie word afgesluit met 'n partytjie.

Bylaag iv

BESKRYWING VAN 'N GROEPTERAPIESESSIE

**Sessie sewentien : Rolspel**

**Tema: Huismoles**

(i) Doelwitte

Die **doelwitte** van die rolspelsessie is om die groeplede die geleentheid te gee om

* **gevoelens** tot uiting te bring;

* **verbale kommunikasie** in te oefen;

* binne 'n gesimuleerde probleemsituasie die **effektiwiteit van** hul eie **gedrag**, asook die van andere, waar te neem en te beoordeel;

* effektiewe interpersoonlike **konflikhantering** in te oefen;

* groter **empatie** te verwerf in ander se gevoelens;

* meer bewus te raak van die **behoorlike** ten opsigte van interpersoonlike kommunikasie.

(ii) Inhoud

Die groep moes 'n gebeurtenis uit enige groeplid se huisgesin soos 'n toneelstuk opvoer. Die groep beplan toe eerstens 'n kort toneeltjie om die rolspel in te oefen. 'n Tipiese disharmoniese opvoedingsituasie word voorgestel: Boetie en sussie het gespeel en 'n ruit is gebreek. Hulle baklei oor wie se skuld dit is en skree op mekaar. Ma kom woedend ingehardloop. Boetie, wat eintlik skuldig is, pak die skuld op sussie. Ma glo hom en stuur vir sussie kamer toe. Sussie gil: "Ag, ma, los my net uit!", en begin

haar ma slaan. Ouma tree tussenbeide en sê dat boetie die skuldige is. Ma word nog kwater omdat ouma ingemeng het en stuur altwee die kinders kamer toe.

'n Tweede toneel word beplan: Boetie kom dronk by die huis aan omdat hy gedruip het. Vervolgens word die belangrikste gebeurtenisse tydens die sessie weergegee.

Die karakters in die toneel was Pa, Ma, die seun, Pietie, sy sussie, Marie en die bure. Pa is gespeel deur D, Ma is gespeel deur B, Pietie is gespeel deur A, Marie is gespeel deur C en die buurman en buurvrou is gespeel deur E en F.

**Pa:** Hy moet nou net nie weer vandag iets aangevang het in die skool nie, ek slaan sy boude aan die brand!

**Marie:** **(verheug oor Pietie se moontlike pak slae):** Ja, en dis juis vandag die dag van die rapporte! Ma! Ma! Hier kom Pietie nou van die skool af. Pa, hy's hier, hy's dronk! Pa moet hom slaan!

**Pa:** **(aan Pietie, wat vreeslik huil):** En wat dink jy doen jy? En waar's jou rapport? Kyk hoe lyk hierdie punte!

**Marie:** **(aan die bure, wat intussen kom kyk het wat aangaan):** Tannie, tannie moet sien, hy't gedruip!

**Pa vererg hom vir Marie wat vir Pietie by die bure beskinder en gee haar 'n klap.**

**Ma:** Moenie my enigste dogter klap nie! **(Aan Marie, wat begin gil het):** Jy sal nie laat jou pa aan jou slaan nie, hoor!

**Ma en pa klap mekaar en almal gil en skree op mekaar.**

T2 stel voor dat hulle nou die toneel beplan soos wat hulle dink die ouers behoort op te tree in so 'n situasie. Die tweede toneel

word met groter ordentlikheid gespeel, maar dit toon nog steeds die onbegrip wat hierdie kinders beleef in die primêre opvoedingsituasie.

**Pa (aan Marie):** Gaan gou kamer toe, ek wil met Pietie praat. **(Die bure is egter nog teenwoordig in die vertrek.)**

**Pa (aan Pietie, met redelike simpatie, maar nog steeds verwytend):** Hoekom het jy nie geleer nie en hoekom is jy dronk? En hoekom huil jy? Ek weet jy't nie geleer nie.

**Pietie (ergerlik):** Pa, kan jy nie verstaan ek het gedruip en ek huil nie?

**Pa:** Wel, as jy druip moet jy die gevolge daarvan dra. Ek hok jou vir 'n maand en drie dae!

T1 vra of iemand op hierdie tydstip die pa se rol wil oorneem. C willig in. Hierdie keer word Pietie kamer toe geneem.

**Pa:** My kind, hoekom het jy nie geleer nie? Weet jy hoe lus voel ek nou om jou te slaan! Ma, bring asseblief vir my tee en vir Pietie ook sommer swart koffie met baie suiker. (Pietie huil nou hartstogtelik en pa se hart versag). My kind, ek weet die lewe is swaar, maar jy kan volgende keer weer probeer. Vir die volgende twee weke is dit net jy en jou boeke!

**T1** vra of iemand uit die groep vir Pietie wil help. A willig in en praat op baie simpatieke en moederlike manier met Pietie:

**A:** My kind, moenie meer huil nie, ek sal jou elke middag help met jou huiswerk, dan sal jy nie weer druip nie.

**T2 (aan die groep):** Ek wil hê elkeen van julle moet dink hoe jy sou wou hê jou eie pa moes optree as dit jy was wat gedruip het.

Die groep begin spontaan gesels oor hul eie belewinge:

**C:** Oe-e-e, my pa het my geklap van die een hoek na die ander hoek!

**D:** Ek is geslaan daaroor, maar dis reg so, jou kind moet leer. My pa het my vasgegryp en my met 'n "fanbelt" geslaan. Jy maak die lewe nie vir jou kind makliker nie, dan maak jy dit net vir jouself moeiliker. (Hier is 'n goeie voorbeeld van ouerlike onbegrip en die skewe normering wat dit tot gevolg het.)

**B** deel vir die eerste keer spontaan 'n persoonlike belewenis met die groep:

> Toe ek die eerste keer 'n druiprapport gekry het, het ek baie gehuil en my ma het saam met my gehuil. Toe sê my ma daar is altyd nog 'n kans dat ek regtig my bes kan probeer. (Ma begryp nie die kind se gestremdheid nie, omdat sy moontlik self gestremd is. Sy begryp egter wel die kind se hartseer). Die tweede keer toe ek gedruip het, het ek ook baie gehuil, maar nie so baie soos die eerste keer nie. Toe kom ons agter dat my oë en ore sleg is, daarom het ek ook gesukkel in die skool.

**T2** het die geleentheid benut om die dogters te lei tot herbetekening van hul mislukkingsbelewinge, deur daarop te wys dat dit goed is dat B se ma haar nie weggegooi omdat sy gedruip het nie, maar haar eerder nog liewer gekry het. Hy wys hulle ook daarop dat ouers nie altyd moet dink hulle kinders is sleg of lui as hulle druip nie, maar eers moet probeer uitvind watter probleme die kind het.

**F** het T2 se woorde beaam: Verlede jaar het ek nogal goed gedoen. Daar was net 'n paar rooi kringe op my rapport. Toe sê my ma sy weet ek het my bes gedoen en sy is trots op my.

T3: Ek wil graag iets vir julle vra ... wat dink julle van 'n rooi pen?

Die groep het gereageer met kreune en uitroepe. Die bespreking is afgesluit en die groep het verdaag.

(iii) Bespreking

Die groep het tydens hierdie sessie reeds besonder goed as 'n eenheid gefunksioneer. Die beplanning van die tonele het meer ordelik geskied as tydens sessie sestien. Die interaksie in die groep het spontaan ontplooi. Die groepsamehorigheid was hoër as ooit tevore; die groep wou nie toelaat dat enige lid "buite" bly nie en almal is betrek by die tonele. Die bereidheid tot betrokkenheid was besonder hoog. Die dogters het ook op 'n veel mensliker vlak met mekaar gekommunikeer as ooit van tevore.

Wat die individuele dogters betref het C en D besonder positiewe bydraes gelewer. Albei het sterk verantwoordelikheid aanvaar vir die beplanning en verloop van die toneel. Veral C is 'n anker in die groep; sy geniet besondere erkenning en die groep aanvaar haar leierskap. A toon nou veel groter buigsaamheid as ooit van tevore. Waar sy voorheen onttrek het uit enige aktiwiteite waar die gesinslewe betrokke was, het sy tydens hierdie sessie spontaan deel geword van die groep. Haar egosentriese gedrag het ook skerp afgeneem. Sy is nog soms aggressief, maar heelwat minder as van tevore. Ook B het besonder spontaan deelgeneem aan die rolspel. Sy het verder getoon dat sy bereid is om met haar medegroeplede in ontmoeting te tree deur haar persoonlike mislukkingsbelewinge met die groep te deel. Hoewel E nie wou praat nie, het sy tog deelgeneem. Dit het voorgekom asof sy veel minder angstig is as van tevore. Ook F was reeds 'n deel van die groep en het spontaan deelgeneem.

Tydens hierdie sessie het dit geblyk dat die verstandelik gestremde, gedragsgeremde dogters waarop hierdie ondersoek betrekking het wel deeglik bekend is met disharmoniese opvoedingsitu-

asies. Wat verder geblyk het is die negatiewe wyse waarop hulle hul skolastiese mislukkings beleef het en watter bydrae dit gelewer het tot wanverhoudings in die opvoedingsituasie. Hulpverlening in die verwerking van hierdie negatiewe belewinge is besonder belangrik ten opsigte van hierdie dogters. Verder het dit geblyk dat hierdie dogters beperkte insig het in interpersoonlike situasies, konflikhantering en probleemoplossing en dat hulle in hierdie verband onderrig behoort te word. Rolspel skyn besondere moontlikhede in te hou as medium vir die aanleer en inoefening van effektiewe interpersoonlike kommunikasie.